


STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL VI. 11 MEI, 1951. No. 3.

# INTERVARSITY IS HIER.

## Wie gaan Wen?

## U.O.V.S. en P.U. in Spanning.

**Gaan die Pukke hulle segetog van verlede jaar voortsit? Kan Theos weer wen? Sal U.O.V.S. se teenoffensief vir die Puk te veel wees? Ons gaan intervarsity hou, en die uitslag hang in die weegskaal. Ons kan nie voorspel wie gaan die meeste wen-wedstryde hê nie, maar ons kan raai en ons kan wens . . . . .**

Dit is nou eenmaal waar dat die eerstespan rugby-botsing die hoofdis van 'n intervarsity is. Vanjaar sal daar ongetwyfeld taai rugby en hopelik 'n mooi spel gesien word, aangesien U.O.V.S. vasberade is om verlede jaar se skade in te haal, terwyl mnr. Hoppie Meyer, kaptein van Theos, verklaar dat sy span wil voortbou op die glorie van die vorige seisoen. Die rugby-botsing behoort dus iets aanskouliks op te lewer, nie net in die eerstespan wedstryd nie, maar ook in die ander.

### TENNIS.

'n Hewige botsing word voorspel in tenniswedstryde. Nie net die damesspan van P.U. nie, maar ook die mans het vanjaar 'n kans om die beste daarvan af te kom. Onthou sal word dat die P.U.K.-damesspan verlede jaar die Vrystaters in Bloemfontein uitgestof het, en mej. Struwig, kapteine, is oortuig dat die uitslag vanjaar weer ten gunste van die Pukke sal wees.

Wat die manstennis betref was mnr. Roelf Buys maar huiwerig om hom uit te laat. Hy erken darem dat die P.U.-span baie goeie rekenskap van homself sal kan gee, en na 'n rukkie se onderhoud het dit geblyk dat sy skeptisisme maar eintlik 'n soort van beskeidenheid was, en dat hy oortuig is dat sy span gaan wen.

Die tenniswedstryde word Vrydagmiddag al afgespeel.

### KORFBAL

Na die goeie vertoning van die Korfbal-spanne van die P.U. op die onlangs-gehoue groot korfbal-kompetisie, val dit sterk te betwyfel of U.O.V.S. veel hond sal kan haaraf maak.

### HOKKIE

Die manshokkiespan is vanjaar heelwat sterker as wat in die verlede die geval was, ten spyte van die feit dat daar sterk spelers verloor is. Dit wil egter voorkom asof vanjaar se span beter gebalanseerd is as die vorige, hoewel dit moontlik kan wees dat die voorspelers vanjaar hulle plekke beter sal kan vul as die agterspelers.

U.O.V.S. se span is sterk, maar nie onoorwinlik nie, en die verwagting is dat die Pukke vanjaar die Kovsies gaan vasdruk in hulle sirkel.

Ook die dameshokkiespan is

(Vervolg in vorige kolom).

(Vervolg van kol. 2).

vanjaar 'n span om mee rekening te hou, en hulle is vasbeslote om ver te wen.

### JUKSKEI.

Hierdie sportsoort was nog gewoonlik die P.U.K. se troefkaart gewees. Dit was die Jukskeispanne wat altyd 'n paar wenpunte ingesamel het, en al probeer die spanne van U.O.V.S. ook hoe, hulle sal hulle moet ken.

**Intervarsity is nie Intervarsity nie, as die dirigente nie mekaar met sê-goed peper nie. Die Pukke het nou al 'n hele tydjie hard geoefen aan liedjies, en so ook die Kovsies. Dit sal nou net van die dirigente afhang wie kan sy mense die meeste opsweep.**

Soos in die verlede behoort ook hierdie intervarsity tussen U.O.V.S. en P.U. iets besonders te wees.

### INTERVARSITY.

**Langs hierdie weg wil die S.R. en studente aan al ons spanne wat teen U.O.V.S. sal optree, 'n laaste sterktewens gee. Mog elkeen besield wees om alleen sy beste en allerbeste te lewer—op u rus die verantwoordelikheid van die jongste Universiteit in ons land! Indien u dit besef, sal ons u ook in nederlaag en oorwinning dra en roem—want ons almal is en bly studente van die P.U. vir C.H.O.!**

**B. SPOELSTRA.**

## ROOIKRUIS VIR S.S.B.

Binnekort sal die S.S.B. voorsien word van 'n Rooikruis-kassie, wat al die standaard benodighede sal bevat, luidens 'n onlangse verklaring deur die sekretaris van die S.R. Geld vir hierdie onderneming sal deur die studenteraad beskikbaar gestel word, en die S.S.B. sal gevra word om 'n lys van apparaat en benodigdhede op te stel en aan die S.R. voor te lê.

Dit is nog nie seker waar die Rooikruiskassie gehou sal word nie, maar die Studenteraad sal nog 'n geskikte sentrale plek daarvoor inrig.

'n Noodhulp-deskundige sal ook aangewys word om verantwoordelikheid vir die instandhouding en versorging te dra. Hierdie Rooikruis-diens sal beskikbaar gestel word aan enige sportklub wat onder die patronaat van die S.S.B. staan, na verneem word. Hiermee word in 'n lang gevoelde behoefte voorsien.



HENNIE SCHUTTE,
kaptein van die mansjukskei.



PIET WESSELS,
U.O.V.S. se eerste-span voetbalkaptein. Daar verskyn 'n boodskap van hom elders.

Dagsê Pukkies! Die groot dag waarna ons almal so lank uitgesien het, het nou aangebreek!

Die voetbalspanne van die U.V. is vanjaar meer dan ooit tevore vasberade om die neerlae wat ons spanne in die verlede gely het te wreek. En vanjaar het ons spanne beslis 'n goeie kans om die louere weg te dra.

**Vanjaar is die Vrystaatse spanne voorwaar nie 'n kat om sonder handskoene aan te pak nie. Ons staatmakers van verlede jaar sal byna almal weer teen die Pukke optree.**

Ons agterlyn is baie verstewig deur nuwe spelers soos Louis Rousseau, Japie Vogelsang en Johan Pienaar. Hierdie snellers word nie maklik gestuit nie en die Pukkies sal moet bontstaan.

**'n Laaste woordjie, Pukkies: Ons O-19 kêrels is moeilik vanjaar. Daar is nie minder as sewe provinsiale spelers onder hulle nie. Die Oukies kom!**

Mag die wedstryde afloop in 'n goeie gees. Ons kom om die Potchefstromers op studenterugby te vergas!—Boodskap van **Piet Wessels.**

### MEV. DE KLERK.

**Dit is met leedwese dat ons van haar siekte verneem. Mag sy spoedig weer herstel, waar sy haar tyd en kragte vir ons inrigting beskikbaar stel op so 'n doeltreffende wyse.**

## *EERSTE INTERVARSITYSPAN VAN U.O.V.S.*

**A. Cilliers:** Abrie is 22 jaar oud, ongeveer 6 voet lank en weeg om en by 190 pond.

1948 speel O-19 O.V.S.—heelagter sedertdien—1ste span. Stewige verdediger.

**F. Roux:** Vleuel, 21 jaar oud. 165 pond. 5 vt. 10dm. lank. Paarl produk. Vasberade aanvaller. Sedert 1950 Provinsial truie gedra.

**J. Nel: Senter.** 20 jaar. Verlede jaar vir O-19 gespeel. Ook O-19 Vrystaat. Dodelike verdediger—oog vir gapings.

**Johan Pienaar:** Senter. Nou om en by 25 jaar oud. Trek skaal so om die 180 pond. Vroeër vir Bethlehem. Speel etlike jare vir O.V.S. as vleuel. Vanjaar speel hy vir universiteit. Moeilike man om te stuit. Verdedig onverskrokke.

**J. Seeliger:** Vleuel. Verlede jaar diens gedoen vir O-19 span. Stewige speler. Nael doelbewus vir lyn. Gewig 160 pond.

**Japie Vogelsang:** Losskakel. Nuwe aanwins vir die U.V. Speel vir Noord-Oos Vrystaat nou vir Universiteit. Sal Pukkies hoofbrekens besorg met sy akkurate hanteerwerk en doelgerigte skoppe.

**L. Rousseau:** Oud Collegiansspeler wat lot by Universiteit ingegooi het. Baie gevaarlik met pragtige duikaangeë. Ideale maat vir Vogelsang.

**Dave Hanson:** Voorryman. Weeg 200 pond—25 jaar oud, 5vt. 10dm. lank. Doen reeds diens vir

(Vervolg op bls. 3, kol. 5).

# MUSIEKVERENIGING

**In 'n verklaring voor 'n studentevergadering het Dr. W. N. Coetzee, voorsitter van die P.U.K. Musiekvereniging gesê dat weeklikse halfuur-programme van aandmusiek vir die toekoms beoog word.**

Die Musiekvereniging, wat voortaan bekend sal staan as die Universiteits - Musiekvereniging, stel homself ten doel om geleentheid aan alle studente te bied waar goeie musiek geniet en musieksmaak ontwikkel kan word, aldus dr. Coetzee.

Behalwe hierdie kort weeklikse programme sal die vereniging voortgaan om groot konserte te reël soos in die verlede. Dr. Coetzee het gesê dat die Musiekvereniging uit 'n tydperk van betreklike onaktiwiteit ontwaak het, en van nou af sal dit nie net 'n voorreg nie, maar inderdaad 'n bate wees om aan hierdie vereniging te behoort.

### KENNISGEWING.

**Die A.B.K.K. het pas 'n nuwe sangbundel laat verskyn. Dit bevat nie net nuwe liedjies nie, maar is 'n hersiene uitgawe van oues. Skaf so 'n boekie aan so gou as moontlik, sodat ons singsongs kan verbeter.**

**Die A.B.K.K. wag ook nog altyd nuwe liedjies in. Dit kan ingehandig word by enige lid.**

**U spoedige reaksie word verwelkom.**

**(Get.) A. S. SMITH.**
**Voors. A.B.K.K.**

## *FILMVERTONING VIR P.U. FONDS.*

Die opbrengs van een aand se vertoning van „Bicycle Thieves," 'n Italiaanse rolprent, is deur African Consolidated Theatres Ltd. as donasie aan die P.U.-uitbreidingsfonds geskenk. Die Alabama studente-orkes het in die voorprogram opgetree. Die Rektor prof. J. C. van Rooy het 'n kort toespraak gehou.

**Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner**

**J. P. V.D. WALT,**
**L.F.V.**

**KERKSTRAAT 111**
**(Langs Ackermans)**

Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**

**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

# A.S.B. ERKENNING GEWEIER

## *VOLDOEN NIE AAN VEREISTES VAN GRONDWET*

'n Tak van die Afrikaanse Studentebond, wat alreeds in Kaapstad bestaan, is op die jongste vergadering van die Studenteraad afgekeur as 'n Universiteitsvereniging, daar die heel eerste vereiste vir die erkenning van enige klub of vereniging aan Universiteit Kaapstad, nl. 'n ope lidmaatskap, nie deur die beoogde A.S.B. tak se grondwet nagekom is nie.

Die regsadviseur van die Studenteraad, prof. D. V. Cowen, het daarop gewys dat hierdie vereniging se lidmaatskap klousule, nl. dat lidmaatskap oopstaan slegs aan studente met 'n Afrikaanse taal- en kulturele agtergrond, nie aan die Studenteraad se vereistes voldoen nie, waar bepaal word dat lidmaatskap van enige vereniging moet oopstaan vir alle studente. Daarbenewens verg die betrokke klousule dat lede die Grondslag en Doel van die Hoofliggaam onderskryf waar dit bepaal dat die Bond berus op 'n Christelike Nasionale grondslag, soos beliggaam in die Afrikaanse volkstradisie, en dat dit staan vir die handhawing en uitbouing van die Blanke Christendom en die bestryding van die Kommunisme. Hierdie verdere bepaling dui ook op beperkte lidmaatskap.

Die Studenteraad het die terughouding van erkenning in die volgende mosie van mnr. Kinkead-Weeks beliggaam:

„Hierdie Raad vind dit onmoontlik om enige klub of vereniging wat nie voldoen aan die regsvereistes van die Universiteits-Senaat en die V.S.R. nie, te erken as 'n offisiële liggaam. Op advies van sy regsadviseurs is die Raad van mening dat die voorgestelde tak van die A.S.B. nie in werklikheid aan hierdie vereistes voldoen nie.

Die Raad is verder van mening dat die gebruik van kennisgewingborde en universiteitspersele 'n voorreg is wat slegs aan erkende liggame toegesê kan word."

### Amendement.

'n Amendament van mnr. de Villiers het gevra dat die A.S.B. wel die gebruik van kennisgewingborde toegelaat sal word, alhoewel die Raad dit duidelik sal stel dat die A.S.B. nie offisieël erken word nie. Hy is hierin gesteun deur mnr. Richardson wie beweer het dat die Afrikaanssprekendes 'n aansienlike deel vorm van die studentegemeenskap en dat hulle geen heenkome in N.U.S.A.S. vind nie, en dit is dus nie onredelik nie dat die V.S.R. hierdie studente sal tegemoet kom in hulle poging om maklik kontak met die A.S.B. te verkry deur die A.S.B. toe te laat om die kennisgewingborde te gebruik.

Hierdie stelling is teengestaan deur mnr. de Beer, wie daarop gewys het dat daar wel verskeie klubs bestaan waar die Afrikaanssprekende studente kan byeenkom, en deur mnr. Back wie die beginsel agter die aansoek ontleed het. Laasgenoemde meen dat die Raad nie in werklikheid die A.S.B. se aansoek as sulks behandel nie, maar wel die beginsel of hulle enige vereniging, anders as offisieël erkende verenigings, die gebruik van die borde gaan toelaat.

### Jammerte.

Mnr. Malherbe voel nie dat die Afrikaanssprekendes afgeskeep sal word as die A.S.B. die gebruik van die kennisgewingborde geweier gaan word nie, veral daar 'n groot groep Afrikaanse studente die A.S.B. nieondersteun nie. Hy het egter duidelik gemaak dat hy jammer is dat 'n tak van die A.S.B. nie erken kan word nie, want hoe meer gedagtegange aan 'n universiteit verkondig word, hoe beter.

**Met die tot stemming gaan is mnr. de Villiers se amendament verslaan en die oorspronklike mosie sonder teenstem aangeneem terwyl mnr. du Plessis se onthouding van stemming aangeteken is.**

(VARSITY—S.A.U.P.V.)



FRANSIE DE WET,
die kapteine van die dameshokkie-span van die P.U.

**BEDANKING.**

**DALRYMPLE.**

**Aan alle personeellede van die Universiteit wat as beamptes opgetree het, asook aan prof. dr. D. P. J. Smith vir sy onmisbare hulp en wenke, word die hartlikste dank toegesê; verder ook aan alle belangstellendes wat behulpsaam was met huisvesting.**

**In besonder, dank aan die Huisvader en matrones van die koshuise vir hulle tegemoetkoming.**

**Mnr. I. J. Joubert word van harte bedank vir sy onvermoeide ywer as organiserende sekretaris.**

**Die S.S.B. en Gesellligheidskomitee word bedank vir hulle reuse aandeel aan die sukses van die verrigtinge, so ook alle senior-studente wat hulle kamers vrywillig afgestaan het.**

**Dank ook aan alle studente wat behulpsaam was met die versorging van apparaat.**

**Die atletiekspan wat hulle so goed van hulle taak gekwyt het—aan hulle my opregte dank.**

**(Get.) W. C. J. BRINK**
**Kapt., Atletiekklub.**

# P.U.A.S.B. STIG WERKVERSKAFFINGSBURO

## Tydelike Werk vir Studente.

**Op versoek van A.S.B.-hoofbestuur het die bestuur van die plaaslike A.S.B.-tak besluit om 'n werkverskaffingsburo in die lewe te roep. Die doel is om werk vir studente in die vakansies in enige deel van S.A. te kry.**

Die bestuur het gevoel dat daar reeds lankal 'n behoefte onder die studente aan so 'n organisasie is en het hierdie jongste besluit van Hoofbestuur verwelkom.

Die volgende persone is deur die bestuur aangewys om die buro te behartig. Mej. Bets v.d. Merwe en mnre. F. Lion-Cachet, F. A. Botha en Fivaz. Mnr. Lion-Cachet is tot voorsitter benoem.

Toe ons korrespondent mnr. Cachet genader het, het hy verklaar: „Ek kan nog niks definitiefs i.v.m. die buro sê nie aangesien dit maar nog in sy beginstadium is. Ek hoop egter om binnekort meer gegewens beskikbaar te stel."


**PRESIDENT KAFEE**
Kerkstraat 70.
* * *
vir die Beste
LIGTE ETES
en
VERVERSINGS.

*LEES*——
**Die Westelike Stem**
*Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.*
SPORTBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

NATUURLIK-GOLWENDE HARE
gee u natuurlike skoonheid!
MEJ. R. GLAESER
*Dames Skoonheidsalon*
Kerkstraat 157. Foon 366.

**J. TOD SUTTIE**
Kerkstraat 127
Mans-Volle Uitrusters
Ons waardeer u besoeke aan ons. Ons bestudeer u benodigdhede. Ons spesialiseer alleen in deeglike goedere wat bevrediging waarborg!
Ons is spsialiteite alleen in die
**BESTE GEHALTE MANSDRAG.**

DIE NUUTSTE ONTWERPE. MODE SE HOOGSTE PUNT.
ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE
vanaf 29/6
**EDWORKS**
(1936) Beperk.
Kerkstraat, Potchefstroom
DURENDE GEMAK.

**PARKER & CO.**
(Pty.) Ltd.
GENERAL HARDWARE MERCHANTS
Phone 30, Potchefstroom. Box 245.
Irrigation Machinery and Plants Supplied and Erected.
Workmanship Guaranteed!
Farm Implements and Spares, Tools for all Tradesmen, Arms and Ammunition, Fishing Tackle, Kitchen Utensils, etc., etc.

ELKE DAG VARS!
**TURKSTRA SE BAKKERY**
BROOD en alle KOEKSOORTE
Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodigdhede
Draadlose, Koelkaste.
Kerkstraat 65,
POTCHEFSTROOM.

**I. GLASER**
Kerkstraat 83.
Die beste vir
OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE
Diens en Waarde is ons Leuse.
Foon 218. Bus 248.
POTCHEFSTROOM.

*Studente Vriende,*
WEET U DAT
**Die Firma J. H. DE BUSSY**
Maritime-gebou, Posbus 460.
Pretoriusstraat 153, Foon 22-014.
PRETORIA
die grootste voorraad tweedehandse boeke het op
TEOLOGIES EN WYSGERIG TERREIN?
Ons vestig spesiaal u aandag op die volgende boeke wat uit voorraad gelewer kan word:

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Dr. A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. 3 dele kompleet | £3 | 15 | 0 |
| Dr. A. Kuyper: Pro Rege. 3 dele kompleet | 2 | 10 | 0 |
| Dr. A. Kuyper: E. Voto Dordraceno. 4 dele kompleet | 4 | 2 | 6 |
| Dr. A. Kuyper: De Engelen Gods | | 15 | 0 |
| Dr. A. Kuyper: Het beeld Gods | | 13 | 6 |
| Dr. A. Kuyper: Van de Voleinding. 4 dele kompleet | 1 | 12 | 6 |
| Dr. A. Kuyper: Onze Eeredienst | 2 | 10 | 0 |
| Dr. A. Kuyper: De Gemene gratie. 3 dele kompl. | 3 | 0 | 0 |
| J. C. Sikkel: Het boek der Geboorten. Genesis | 2 | 10 | 0 |
| J. C. Sikkel: Onder de vleugelen des Heeren | | 3 | 9 |
| J. C. Sikkel: Dienst des woords | | 3 | 9 |
| Dr. B. Wielenga: Van Jeruzalem naar Rome. 3 dele | 3 | 0 | 0 |
| Ds. G. Wielenga: Paulus in zijn leven en werken | | 14 | 6 |
| Prof. P. Biesterveld: Van Bethanië naar Golgotha | | 11 | 9 |
| Prof. Dr. K. Schilder: Christus en Cultuur | | 10 | 6 |
| Christelyke Encyclopaedie. 6 dele kompleet | 11 | 10 | 0 |
| Dr. H. Dooyeweerd: De wijsbegeerte der wetsidee. 3 dele kompleet. Baie seldsaam | 5 | 10 | 0 |

Vra ons Katalogus van Nuwe en Tweedehandse Boeke.

# *Die Wapad.*

11 MEI, 1951.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*



## REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. P. COETZEE.
**Tegniese Adviseur:** J. HERSCHELMANN.
**Adm. Voors.:** F. BOTHMA.
**Verslaggewers:** J. H. BOOYENS, C. J. MALAN, C. v.d. SPUY, W. J. v. VUUREN, MEJJ. B. KRUGER, A. PRETORIUS.


## SAMEWERKING

In die afgelope tyd het mens dikwels van samewerking gehoor. Samewerking op die gebied van wêreldpolitiek, van partypolitiek, op kulturele gebied, samewerking wat betref handelsbetrekkinge, en les bes, feitlik op elke terrein van die lewe was daar of word daar pogings aangewend om samewerking te bewerkstellig. Dit laat mens onwillekeurig wonder of daar dan so 'n groot vyandigheid tussen die verskillende groepe bestaan dat werklike samewerking dan iets is wat eintlik nog nooit bestaan het nie, en as daar dan so 'n vyandige gevoel is, wat die oorsaak daarvan sou wees. Hierbenewens kom die vraag ook op, waarom die vreeslike gesoek na samewerking enou skielik, want dit is nou nie meer net tussen groepe waar 'n mate van antipatie redelik verwag kan word nie, maar mense van wie mens sou verwag dat daar by hulle nooit sprake van vyandigheid sou wees nie, wat ook nou na samewerking soek.

Rede hiervoor kan mens daarin soek dat daar by een of al die groepe 'n bedekte vyandigheid bestaan, wat so erg is dat die yweraars vir samewerking skoon uit die oog verloor dat daar mos skynbaar altyd net die grootste vriendskap aan die buitewêreld voorgehou word, en dat pogings tot samewerking hierdie valse vertoon dadelik aan die kaak stel. Of anders word van samewerking maar net gepraat om in die mode te wees, of om persoonlike voordeel aan die mense wat met die pogings begin te verskaf.

Sopas het pogings finaal op 'n mislukking uitgeloop om samewerking tussen die P.U. en Normaal te bewerkstellig. As mens nou nagaan wie dit was wat met die eerste voorstelle in die verband gekom het, vind mens dat did baie moeilik is om te bepaal wat die motiewe van die mense was. Tussen die Normaal en die Universiteit op Potchefstroom sou mens verwag dat samewerking as vanselfsprekend sou bestaan, veral in aanmerking geneem die toestande wat heers in stede waar ook Normaalkolleges en Universiteite hulle plekke in die akademiese lewe inneem. So beskou is die verhouding op Potchefstroom onnatuurlik.

Sou daar nou 'n bedekte vyandigheid tussen hierdie twee inrigtings wees, of praat hulle van samewerking net om in die mode te wees, of is daar persone wat vir hulleself probeer naam maak, asof hulle dan grootmoedig die rol van vredemaker sou vervul?

## BEGINSELS

As mens al die gebeure van die dag in oënskou neem, dan merk mens dat daar partykeer dinge gedoen word waarvoor die daders, oppervlakkig beskou, eintlik geen redes sal kan aanvoer wanneer hulle tot verantwoordiging geroep sou word nie. Dit lyk dan asof die mense sommer blindweg besluit het om so te handel, of anders dat hulle maar net 'n tradisie, wat liewers al uitgesterf kon gewees het, navolg, en dat hulle om uit die moeilikheid te kom maar sê dat hulle uit beginsel gehandel het. So 'n rede word gewoonlik ook nie aangeneem nie, omdat dit dan logies so niksseggend sou wees! Hierdie miskenning van beginsels is iets wat mens feitlik daagliks aantref onder byna alle mense. Soiets behoort nie te wees nie, sou mens dink, want deur geen respek te hê vir waaraan die mense saam met wie jy noodwendig moet saamleef, glo nie, handel jy net destruktief en vernig jy niks nie.

Hier sit ons nou op 'n Universiteit met 'n duidelike en herhaaldelik uitgesproke beginsel. Wat is nou ons houding, die houding van die studente, ten opsigte daarvan?

## INTERVARSITY

Dit is alweer tyd dat ons intervarsity gaan hou, en dié slag teen die U.O.V.S. Intervarsity is 'n byeenkoms van studente, en dus van mense wat hulle met dieselfde dinge besighou. 'n Byeenkoms van sò 'n aard moet noodwendig voordelig wees vir almal wat daarby betrokke is. Wat se voordeel sal hierdie byeenkoms vir ons almal bring?


**PUKKE is altyd hartlik welkom by**

UNIEWINKELS

as hulle in Johannesburg is.

Ons voorsien reeds die VOETBALTRUIE en KOUSE.
Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die
**KLEURBAADJIES.**

**UNIEWINKELS, BPK.**

**Johannesburg.**

**Kerkstraat 45.** **Foon 22-4746.**


# Oordenking.

## WIE IS WYS?

**Wie wys is, laat hy op hierdie dinge ag gee, en laat hulle let op die goedertierenhede van die Here.**

Hierdie psalm spreek duidelik tot ons van God se voorsienigheid in alle dinge. Niks word deur 'n onstandvastige noodlot regeer nie, alles is God se werk. Dit wys ons verder op die goedertierenheid van die Here in sy voorsienigheid.

In vers 43 word ons vermaan om, **as ons wys is,** ag te gee op al die werke van die Here en op sy goedertierenheid. Dit gee ons egter terselfdertyd die antwoord op die vraag: **wie is wys?**

As ons nou moet sê wie wys is, sal ons dadelik dink aan die diepste denkers uit die wetenskaplike wêreld. Die Heilige Skrif spreek juis nie van die wyse manne waaraan ons dink nie! Vir die H. Skrif is die Apostels, wat vissers was, wyser as die hooggeleerde Fariseërs. Die begrip wysheid is hier iets heel anders as wat ons gewoonlik daaronder verstaan.

**Wysheid is hier 'n heldere en diep insig in God se weë en werke. Volgens die Skrif is ons wys wanneer ons die HERE se wil en wet verstaan en wanneer ons in alle dinge sy voorsienige bestuur sien.**

Dit is die wysheid wat van bo is. Dit is 'n wysheid wat ons kan mis by die diepste denkers, maar kan aantref selfs by die eenvoudigste.

**Hoe kan hierdie wysheid verkry word? Deur die grondige ondersoek van God se Woord!** Dit word egter verskerp en verdiep as ons op die werke van God ag gee en sy voorsienige bestuur daarin kan raaksien. Eers moet die studie van die Skrif daar wees, want uit sy werke alleen kan ons God nie ken nie. As ons Hom egter uit sy Woord ken, sal ons hom ook in sy werke kan herken.

As die mens nou die vermoë het, deur Skrifstudie, om ag te gee op al die dinge wat daar is en wat gebeur, dan vermaan die digter om sorgvuldig daarop te let, nie terloops nie, maar grondig te bestudeer; dat ons agter alles God kan sien wat sy Raadsplan vervul; dat alle dinge hulle doel het, en dat alles afstuur op die einddoel. Ons moet egter nie net in alles God se voorsienigheid sien nie, maar ons moet in sy bestuur ook sy goedertierenheid kan sien.

**Ons het u nou aangetoon wie wys is, hoe daardie wysheid verkry moet word en wat daarmee gemaak moet word as dit wel verkry is.**

As studente aan 'n Christelike Universiteit raak hierdie drie gedagtes ons terdeë. Die eerste vraag is of die kennis wat dag na dag aan ons oorgedra word, so oorgedra word dat ons agter alles God se voorsienigheid kan sien. Alles het 'n begin en 'n einddoel. Om die doel van die HERE agter alles te kan sien, sal die lig van God se Woord nodig wees, en dit kry ons alleen deur skrifstudie. Wetenskapsbeoefening sonder skrifstudie bring ons geen wysheid nie, maar alleen kennis wat die verstand benewel en verduister, sodat ons nie die bestuur van die HERE agter alles kan sien nie.

Die tweede vraag is of ons nog die Heilige Skrif bestudeer. Dit lyk of ons ons nie meer steur aan Skrifkennis nie, en of Skrifstudie maar net vir ons iets is waarmee almal hulle nie mee hoef te bemoei nie.

Dit moet ons weet, as ons die Heilige Skrif nie ken nie, dan kan ons Christus nie ken nie, en dan kan ons nie die ware wysheid hê nie, want die kruis op Golgota is die middelpunt van God se raadsplan, en alles wys daarheen. As ons die ware wysheid nie het nie, kan ons wel hoofde vol kennis hê, maar sal ons tog geestelike idiote wees. Daarenteen, as ons Christus ken uit die Heilige Skrif, sal ons groei in emelse wysheid.

W. DU P.

## P.U. VEROWER NUWE KORFBALBEKER

**'n Nuwe korfbalbeker is onlangs deur die P.U. eerste-span verower op 'n geslaagde korfbaldag, waaraan sestien spanne deelgeneem het.**

Hoewel dit nog vroeg in die seisoen is, is alreeds 'n hoogtepunt bereik op die gebied van Korfbal. Dit is van grooot belang, veral as daaraan gedink word dat korfbal die „probleemsport" genoem word, vanweë die feit dat dit feitlik tot skole beperk is, en dat dit vir die dames van die land, met 'n paar uitsonderings, eindelik nie 'n geskikte sportsoort is nie.



MONICA VENTER, kapteine van die P.U.-korfbalspan

**Nou het Wes-Transvaal se korfbalspanne bewys gelewer dat die geesdrif vir korfbal hier nog hoog is, en dat die sport hier nie 'n „probleemkind" is nie, maar eerder 'n „model-kind," wat bewys gelewer het van sy lewenskragtigheid.**

### DIE BESTE

Op hierdie baie geslaagde kragsmonstering, het die spanne van die P.U. hulle betoon as die bestes.

**Dit is beslis 'n onderskeiding, dat in die finaal, die eerste en tweede P.U.-spanne teen mekaar te staan gekom het.** Die Universiteit het vier spanne ingeskryf vir die kompetisie.

Die eerste span behoort in hierdie seisoen weer goed te presteer, en hulle hou seker 'n ogie op die begeerde Unieskild!

(Vervolg van bls. 1, kol. 5).

Oostelike Provinsie. Ook vir O.V.S. gespeed. Baie vernuftige speler, woel in los. Daarbenewens besonder akkurate stelskopper—Univ. se „Geffin."

**P. Wessels:** Piet is vanjaar kaptein. Weeg 205 pond. 6 vt. lank. Sedert 1948 vir O.V.S. gespeel as haker. Lynstaan-ekspert. Moeilik in skrum om bal geklop word.

**A. Brüssow:** Reeds as O-19 speler oog gevang. Vanjaar eerstespan. Ongeveer 5vt. 10dm. Weeg 185 pond. Baie woelig in die losspel.

**Kotie Vorster:** 21 jaar oud. 5vt. 11dm. lank en weeg 190 pond. Kantvoorspeler. Reeds 1950 vir 1ste span gespeel. As O-19 speler kaptein sowel as van die O-19 O.V.S.-span. Skitterende verdediger en altyd aan spits van voorspelerstormlope.

**Church van Niekerk:** 22 jaar oud—ook 6vt. lank. Weeg ongeveer 210 pond. Blink uit as O-19. In 1949 in Natal deelgeneem aan proefwedstryde. 1950 terug op U.V. Speel eerstespan. Bekwame slot maar ook uitstekende agste man.

**Flip van der Wall:** Slot, 22 jaar oud. Weeg oor 200 pond en ongeveer 6vt. 2dm. Eerlike skrumwerker en goeie lynstaan man.

**Jan van Zyl:** Kêrel van om en by 6 voet. Weeg plus-minus 180. Speel kantvoorspeler. Verlede jaar reeds vir eerstespan diens gedoen. Verdedig onverskrokke en altyd gereed om bal verder te voer.

**Punt Pansegrouw:** 21 jaar oud. Lengte 5vt. 10dm., weeg 170 pond. Agsteman. Speel as Onder-19 reeds vir die O-19 O.V.S.-span. Besit dringingsvermoë — baie gevaarlike naby doellyn. Ook verdedig hy besonder knap.

(Onderhewig aan veranderinge).


**J. N. J. Kritzinger**

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,
**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**
**Potchefstroom.**

**AS U 'N FOTO WIL SKENK**
kyk dan
**EERS NA ONS FOTO'S**

(in ons Ateljee, of by tevrede P.U.Kaners).



Potchefstroom
se mees moderne
Dames-Klerewinkel
Die jongste versameling van
**Dames-rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodigdhede, ens.**

BY

**LA VOGUE**

**(J. M. TAYLOR)**

**Posbus 221. Foon 440.**



Drink en Geniet
**S & S**
Super Dilla
en
Super Orange
**Sherr & Shakinovsky**
**AUTO LAAN**
**Foon 16**

# Spoggerige Oukies

## Vrystaters Vol Vertroue

## BOODSKAP VAN VOORSITTER STUDENTERAAD!

**Dagsê Pukkies,**

**U.V. sien uit na die dag van die 12de Mei hoofsaaklik omdat dit ons weer die geleentheid sal bied om gebruik te maak van jul vriendelike gasvryheid. Die vorige besoeke aan Potchefstroom is nog helder in die geheue van U.V. omdat ons die gulle ontvangs wat ons altyd daar te beurt val waardeer en onthou.**

Nie alleen was die besoeke aan Potchefstroom aangenaam maar ook sien ons uit daarna omdat die gesonde sportmangees baie bygedra het tot die gevoel van kameraadskap en vasberade wedywering op die sportveld . Ek wil dan ook vervolgens die vertroue uitspreek dat hierdie ou bekende gees van wedywering wat daar altyd tussen U.V. en die die ou P.U.K. bestaan het, ook op die 12de Mei die Intervarsity-verrigtinge sal kenmerk.

Ons dink daaraan Pukke, dat dit jul eerste Intervarsity-botsing as onafhanklike universiteit is, en ons wil jul ook hiern baie hartlik gelukwens met die nuwe status en die belangrike mylpaal in jul ontwikkelingsgang—ons wens julle alle sukses toe. **Ongelukkig egter dat julle nou juis vir hierdie belangrike geskiedkunde gebeurtenis sal moet stuit teen die onverbiddelike spanne van die U.V.**

**Dog ten spyte van hierdie ernstige struikelblok in die pad van oorwinning spreek ek tog die hoop uit dat julle sukses sal hê.**

Die studente van die U.V. ruk op teen jul vestings met 'n groot geesdrif om in die gees van gesonde wedywering alle spore van vorige neerlae in die verlede virgoed uit te wis.

Mag die intervarsity veel daartoe bydra om die vriendskapsbande wat daar tussen hierdie twee inrigtings bestaan, steeds hegter te snoer.

J. E. VAN ZYL.

(Vervolg bls. 5, kol. 2).

## Ventersdorp.

Volgens besluit van die afbakeningskommissie, onder voorsitterskap van 'n bekende matematikus, val die inwoners van Dwarsstraat 59 nou onder die kiesafdeling Ventersdorp (die ou spul het nie juis veel te kies gehad nie).

Die vertrek van so 'n klomp steunpilare (hulle kán steun) was 'n gevoelige slag vir die kiesafdeling P.U., of so word in sommige groepe gemeen.

**Personalia wat vertrek het is:**

**D. P. Verwurg:** Toe hy nog sy „Blou Voël van Plesierigheid" gehad het, het hy op Normaal gesleep. Ongelukkig het dit die kat se middagmaal geword en nou het hy weer vrymoedigheid om op Puk te kys.

**Shortie Pieters:** Sy lengte word mos nie met 'n duimstok gemeet nie. Hy lê op die grond, dan tree hulle hom sommer af.

**Piet Tiendejaar:** Beleidsverklaring: Ou man, as julle mense hier so kys, haal julle my netnou oor om nog voor die end van die jaar 'n dame te bel.

**Dirigent in Embrio:** Hy wil glo van kursus verander, en sien sy toekoms in 'n liggaamlike-opvoeding-diploma (of miskien in die besitster daarvan?)

(Vervolg in volgende kolom).

## *Korrespondensie*

Êrens op die P.U.K.,
22 April, 1951.

Geagte Redakteur,

Dit is met waardering dat ek kennis neem van die Redaksie se pogings om iets aan die ontwikkeling van „Die Wapad" te doen wat sal bydra om daarvan 'n goeie blad te maak.

Daar is egter 'n paar dinge wat my nie aanstaan nie. Ten eerste wil ek nie hê dat 'n redaksielid weer by my moet kom met die versoek om iets vir „Die Wapad" te skryf nie, want 'n vorige keer het iemand my gevra vir 'n artikel, en met moeite het ek tot laat in die nag gesit en skryf aan 'n verslag van 'n sekere gebeure in ons koshuis, waarby 'n paar persone betrokke was, en wat was my verbasing, en later my verontwaardiging, groot, toe ek in die blad soek na my artikel wat met moeite en opoffering geskryf was, en daar was my soektog tevergeefs. Wat ek wel gevind het was 'n klomp ou vervelige beriggies, maar niks van aktuele aard nie.

(Vervolg in volgende kolom).



THRESIA STRUWIG,
tennis- en jukskei-kapteine.

(Vervolg van vorige kolom).

Ek hoop nie u voel nou seergemaak nie, maar dit is my oortuiging wat ek nou hier aan u uiteengesit het, en ek hoop dat u aan hierdie saak aandag sal gee.

Die uwe,

„VERONTWAARDIG."

(Dit is jammer dat u artikel vir plasing ongeskik was—dit was vir te min persone van aktuele aard, net die paar wat daarby betrokke was. U kan gerus wees, ons voel nie seergemaak nie.—Red.)



PEET DE WET,
kaptein van die P.U.manshokkie.

## HOKKIE

Vanjaar ontmoet ons die P.U.-Kaners weer op eie bodem, en mag die beste span wen!

**Dit moet Pukkies egter weet—dis nie sommer 'n alledaagse ou spannetjie waarmee hulle gaan kragte meet nie. Ons Pêrre was 'n volle seisoen op stal en sal alles in hulle vermoë doen om die oorwinning vir ons Alma Mater te verseker.**

Die span beskik nog oor die meeste van die ou staatmakers van verlede jaar. Daar is nog manne soos Jackie du Toit, Arndt en Klerck. Die ander spelers, Potgieter, Fourie, Swanepoel en Linde sal nie op hulle laat wag nie.

**En vanjaar speel ons nie weer gelykop nie! Een span moet wen en ons voel nog al taamlik optimisties oor die saak.**

Ons vertrou dit sal aangename wedstryde wees. Mag die gesindheid reg wees.

Alle sukses Pukkies. Ons sien julle! So spog mnr. R. Arndt die kaptein van U.O.V.S.

(Vervolg van vorige kolom).

**Piet Oelofse** wonder wie **Tos** sal vat, vir hom of F.A.T.S.A.

**Dekker II**—'n versugting: Boys, kyk bietjie vanaand wie sleep vir **Rina**, en kom sê vir my as julle terugkom?

## BOODSKAP VAN DIRIGENT.

**"Intervarsity again!" Ja Pukke die lekka ou tyd het weer aangebreek, en weer kom sak honderde Oukies toe op die Pukkie-vesting.**

**Toe ons die Pukke laas ontmoet het, was dit vir ons aangenaam om kennis te maak met julle dirigent (sonder tande). Wie vanjaar die „giller" is weet ek nie, maar soos altyd sal daar een of ander gebrek aan hom wees. Heelwaarskynlik „spraakloos" by die aanhoor van ons sang.**

Ja-nee, die Oukies kom om die Pukke op hul bas te gee. Ons voetie-spelers is reg vir die wedstryde. Ons toeskouers is gereed om hulle oor die doellyn te skree. En ons kan skree! (vertel vir my.—Red.).

As ons Shimla-weerklink oor Potchefstroom, gaan dinge verkeerd loop vir die Pukke.

Ek hoop net nie die stryd op die pawiljoen gaan so eensydig wees soos in die verlede nie. Pukkies kon nog nooit sing nie—dit sal ons vanjaar weer vir hulle bewys.

**Ons sien uit na aangename wedstryde, spannende oomblikke, en die onstuimige geskreeu en geraas as 'n speler weer sy drie gedruk het.**

Lekker speel Pukkies! Die Oukies kom julle wys hoe daar gesing en gewen moet word

Op met die Hom-Pom!!

HEIN FRIEBUS.

## JUKSKEI

Die „Outjies" is andermaal slaggereed om te velde te trek teen die Pukkie-houtgooiers.

**Aan entoesiasme ontbreek daar niks, en daar is volop talent tot ons beskikking. Die „Outjies" laat die skeie al vir 'n geruime tyd klap, en ek dink „asem" sal selde uit 'n Pukkie-keel gehoor word.**

Wat die mansspanne betref, is ons vasberade om verlede jaar se nederlaag te wreek, en hulle kan verseker wees dat ons geharnas sal wees teen hulle aanslae.

Die dames is vasberade om hul segetog verder voort te sit, en met Springbok, en Provinsiale talent in hul midde, is dit so te sê 'n uitgemaakte saak.

**Ons gaan lekker speel, ons gaan lekker skree, ons gaan wen! Simpatie Pukkie!, aldus Bakkies Myburgh van U.O.V.S.**



ROELF BUYS,
tenniskaptein.

## TENNIS

Die damesspelers van U.O.V.S. tennis is maar onervare, dog vasberade. Hulle wil hulle nie onderstebo laat speel deur geen Puk nie.

Ook die mansspan van U.O.V.S. is maar onervare, veral is hulle verswak deur die vertrek van veterane soos Eric Laubser en Jackie du Toit. Nietemin het die Pukke nog nooit met so'n vasberade span kennisgemaak nie, en die Oukies sê: Ons gaan die louere wegdra.

# Studente nie Bekommerd oor Selfverdediging.

### Of Beskik oor Genoeg Liggaamskrag.

**Die kaptein van die Boks- en Stoeiklub is, na verneem word, ernstig verontrus oor 'n verskynsel van traak-my-nie-agtigheid wat hy deesdae onder die studente t.o.v. selfverdediging opmerk. Hy sien daarin die voortekens van 'n gewisse ondergang van alle manstudente, en 'n dreigende onheil vir damesstudente.**

Die feit dat boksoefeninge so swak bygewoon word, dui vir die kaptein van die boksklub daarop dat die studente nie meer besorg is oor hulle bekwaamheid om hulle eie man te kan staan nie. Vaardigheid met die vuis is, luidens die verklaring, 'n noodsaaklike vereiste vir elke man wat homself wil handhaaf, veral in die huidige omgekrapte tye!

**LIGGAAMSKRAG.**

Die kaptein het ook beweer:

Moontlik kan dit wees dat die studente onder die indruk verkeer dat hulle groot liggaamskrag voldoende is, maar so 'n disposisie is nie net 'n uiting van selfvertroue nie—dit word inderdaad moeilik om die grens tussen selfversekerdheid en selfverheerliking te trek. Hierdie verklaring het die bokskaptein egter met huiwering gemaak. Hy het toegevoeg dat hy nie sou wou hê die selfversekerdheid van die studente moet met sy selfvertroue bots, en dit dan uitloop op selfbejammering van sy kant nie.

**DAMES.**

Die verklaring lui verder, dat dit 'n onbetwisbare en onherroepbare feit is dat die meeste manstudente hulleself dikwels alleen met 'n dame op 'n allenige plekkie bevind. Dit is nog nie gevaarlik nie, aldus die kaptein, maar die moontlikheid van 'n onverwagte aanranding op die dame besorg die kaptein groot kommer, en hy soebat die manstudente om tog te kom leer boks.

Hierdie verklaring is uitgereik op grond van suiwere besorgdheid oor die dames in die land, en is nie bedoel as blote advertensie vir die boksklub nie.

**TX MODISTE**

Ons Uitstaande Winterreeks kom nou aan!

Kostuums, Jasse en Gebreide Stukke

**Cardigans, Oortrekkers, Bolero's, Jerkins en Angora-drag.**

*‚Lottie' en Paryse Hoede*

**CORNER FRUIT STORE**

Hoek van—Corner of **Kerk- en Retief Sts.**

For—— Vir——

**Better Fruit and Vegetables** / **Beter Vrugte en Groente.**

**Phone—118—Foon**

**BULT GARAGE**

**(Edms.) Bpk.**

**Tomstraat 55, Potchefstroom.**
Foon 952.

**Fietse, Flitse, Onderdele, ens.** verkrygbaar. M.a.w.

**'N FIETSAFDELING VIR STUDENTE.**

Reparasies van enige aard.
VRY LUG-VOORSIENING.
Ondersteun 'n Afrikaanse saak.

## *Hys die Vaandel.*

(Vervolg van bladsy 5).

Fabbie Thatoth is al op sy pos. „Kaptein, hulle sê ons moet onmiddellik anker gooi en ons skatkis per boot na hulle oorstuur. Hulle wil ook die Hoogland-diamant hê."

„Sein terug: ons beveel julle om anker te gooi en oor te gee, of ons vernietig julle skip en lewer julle oor aan die Puaanse senaat."

„Hulle sê hulle aanvaar die ultimatum."

'n Sterk wind het nou opgekom en dit is duidelik dat die twee skepe gelyk by die hawe sal aankom. Met gelaaide spanning seil hulle voort en aan albei kante staan die manne gereed. Bokstra se senuwees begin hom pla en sy maag maak sulke draaie in hom.

Op 'n gegewe moment hef die Shangane 'n bloedstollende kreet aan, gooi die skeepshake oor die kante van die „Gathlandia" en trek die twee vaartuie teenmekaar.

Die eerste botsing is wreed en byna noodlottig vir die Gatlandia. Swaarde blink. Messe blink, en helde stort terneer.

Borrie Bil kyk die besigheid net een slag aan en dien homself 'n dosis chloroform toe om buite gevaar te bly.

Stadig word ons helde na binne gedryf en die grootste geveg vind nou op die trappe na die boonste dek plaas. Hier kan hulle suksesvol van waterbomme en wat dies meer sy gebruik maak. Ooral stroom die water wat met taaie bloed vermeng raak. Buite op die dek lê arme Flaffie Humanos tydelik buite aksie. 'n Rowertjie wat sy kop wou afslaat het sy wind uitgeslaan.

„Komaan Shangane!" skreeu Cockey en storm weereens die trappe. Onder die gille wat daarop volg word die trompetstem van Hans Donkerman duidelik uitgeken: „Ruk hulle uit! Ruk hulle uit!" en reuse soos Lieb Hatendal en Toon Langbaard maak die wêreld vir ons helde baie moeilik.

Rowers Merino Mollotoff en Swartjie Toetall was nog besig om 'n duiwelse set te beplan, toe kom daar 'n ontsettende verrassing. Loutjie van Dam het die Gathlandia gered. 'n Mens se hart word nou nog week as jy daaraan dink! „Ag Loutjie, Loutjie, hoe het jy dit reggekry, Moeder se liefling?"

Soos 'n waansinnige gryp hy Pietser se mes en storm soos 'n ridder tussen die rowers in. Links en regs fel hy hulle neer en dryf hulle so van die trappe af. Agter hom storm ou Frans Stasie aan met ontblote tande en dit is te veel vir die rowers. Hulle neem die loop. Paniek gryp hulle aan, en die Gathlandiërs maak onmiddelik gebruik van hierdie skielike wending. Een vir een vang hulle die oorblufte rowers, dra hulle na die loopplank, en gooi hulle daar af in die gaatjie-in-die-middel-van-die-see. So verdwyn die witkop van Toorts Opsit; die matrashare van Sass Mara; ook ou Seef Heining; W. G. Wielie; Hen Vraatveld; Bing Girl e.a. Uiteindelik word die see pikswart as Hans Donkerman en Swartjie Toetall daarin verdwyn.

Nog net twee bly oor. Lieb Hatendal en Cockey Brander. Maar Lieb ontmoet sy einde toe hy ou Flaffie met sy swaard wou deurboor. Soos 'n wilde haas het Flaffie opgespring en sy ou dik kaal groottoon in Lieb se mond ingeprop. Die arme Lieb het beswyk voordat hy beswyk het.

Nadat die „Shangania" verwoes is en daar net klapperhaar en kettings rondlê; en die skatte oorgedra is na die Gatlandia word Cockey aan die mas vasgebind om soos die Vliegende Hollander op die see rond te swerf.

Seëvierend vaar die „Gathlandia" nou die hawe van Pabroec binne. Haastig en opgewonde jaag Wyntand van Linde die matrosies aan om die dek skoon te kry—geen spelery nou meer nie!

Die hawe word ook net betyds bereik want die skip is skaars vasgemeer en die seile nouliks neergehaal of die storm bars los. Soos 'n wyse uit Israel stap Lukas na die kaptein, en hy sou sekerlik die laaste woord gehad het as hulle gesprek nie weer deur 'n gil onderbreek is nie. Bo van die mas het die passasier om hulp geroep. Hy het die mas so getrou bewaak tydens die geveg en nou kan hy vanwee die storm nie daar afkom nie.

Was daar altyd eensgesindheid op die Gathlandia? Was die matrosies tevrede met hulle offisiere? Lees die „Wapad" a.s. week!!

ANHISTORIKUS.

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30, Potchefstroom**

(teenoor Geref. Kerk).

**FIETSE** (alle soorte).
**MOTORFIETSE** (Zündapp, Matchless).
**NAAIMASJIENE** (Gritzner).
**TIKMASJIENE** (Olivetti).

J. HEIDEMA.

# *PROGRAM VAN INTERVARSITY*

## Die volgende Program is deur die S.S.B. Vrygestel.

## U.O.V.S. versus P.U.

## VRYDAG 11 MEI

ALLE TENNIS-WEDSTRYDE.

Mans-enkel en -dubbel. Dames-enkel en -dubbel.

U.O.V.S

P.U.

## SATERDAG 12 MEI

8 vm.: JUKSKEI, DAMESHOKKIE II.

U.O.V.S

P.U.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.00 vm. | Voetbal III | U.O.V.S. ——— | P.U. ——— |
| 9.00 vm. | Dameshokkie I | U.O.V.S. ——— | P.U. ——— |
| 10.00 vm. | Manshokkie I | U.O.V.S. ——— | P.U. ——— |
| 11.00 vm. | Manshokkie II | U.O.V.S. ——— | P.U. ——— |
| 11.00 vm. | Korfbal I | U.O.V.S. ——— | P.U. ——— |
| 11.00 vm. | Korfbal II | U.O.V.S. ——— | P.U. ——— |
| 1.30 nm. | Voetbal O-19A | U.O.V.S. ——— | P.U. ——— |
| 2.45 nm. | Voetbal II | U.O.V.S. ——— | P.U. ——— |
| 4.00 nm. | Voetbal I | U.O.V.S. ——— | P.U. ——— |

Gedruk deur Die Westelike Stem drukkery, Kerkstraat 110, Potchefstroom.